Ges. 2: 2
" 4: 6, 7.
" 11: 6.

# Die Heiliging van Gods Naam. S 36 | Ank. 21 Okt. 62.

Gen. 32: 24-30; Ex. 15: 1-3

Ex. 15: 3 - Here is sy Naam!

„Jy mag die Naam v.d. Here jou God nie ydellik gebruik nie". Die meeste Kerkmense wat Sondag na Sondag na hd. gebod luister verstaan daaronder net een ding: Jy mag nie vloek nie. Jy mag nie die naam God of Here of Jesus as skel- of vloekwoord kerig nie! En dan, as hulle gelukkig genoeg is om dit nie te doen nie, is hulle doodtevrede, klop hulle hulself op die skouer en sê: Ag, dankie tog. by hd. deel v.d. 10 Gebooie is ek onskuldig!

As u ook so dink en u d/mee wil gerusstel, laat ek u dan dadelik uit u droom help: dis glad nie so eenvoudig nie! Want in hd. woorde lê daar baie meer opgesluit as dit! Dis waar: die gebod is 'n verbod op alle vorms van vloek en lastering- en dis nodig dat ons dit sê en weet. Mr. dis nie al nie - en ons sal dit nie reg verstaan as ons nie insien dat dit nie net gaan om die misbruik van God se Naam (vloek, laster) mr ook die ydellike, ligsinnige, onnadenkende, liè & niksseggende gebruik v.d. Naam van God!

En om dit te verstaan moet ons eers weet wat ons bedoel as ons praat v.d. Naam van God. Gods Naam is in kortom hele wese, sy almag, sy liefde, sy alomteenwoordigheid, sy alwysheid - dus al sy eienskappe. Dit sluit in sy wil en wens, sy eer en glorie en genade - sy majesteit en heerlikheid! Dis die naam van God. Dis Hyself!

En nou kom die Here en sê: ① Hd. Naam mag nie besoedel word deur lastering of vloeking. Want as ons ~~laster~~ Gods Naam op die manier gebruik dan tas ons God in sy wese aan - ons maak God goedkoop, ons verkleineer en bespot Hom, ons verneer en verag Hom!

② Hd. Naam mag ook nie ligsinnig, oppervlakkig,

onnadenkend gebruik word nie. En dit beteken nie net dat ons bv. ipv. Here as vloekwoord nou dit versag deur dit Hemel te maak nie, nv. ook dat ons tiesens Gods Naam opp. gebruik, onnodig! As dit so is, sien u dan dat [redacted] dit beteken dat 'n mens net so maklik in die Kerk kan vloek van die kansel of uit die bank as bv. in die Kroeg? Want as ons preek of sing of bid met aanhaling v Gods Naam sonder om dit waaragtig eg te bedoel bv. deur oormatige gebruik in ons gebede, deur 'n gesang of koorlied saam te sing gedagteloos en sonder erns en opregtheid of eerlike bedoeling – is ons dan nie besig om ook te laster nie! As ek die Naam v Christus met my lippe bely by die belydenisaflegging of doop of nagmaal sonder om dit eerlik te bedoel is dit dan nie ook lastering nie?

(3) Nr. nou sê sommige van u: wel as dit so is gaan ek nie meer bid of sing of bely nie – dan gaan ek net stilbly! Dis die maklikste – dan sondig ek nie meer nie!

Ongelukkig help dit ons nie wel nie want ook hd. eerlike Nr. valse argument word die kop ingeslaan as ons lees Sondag 36 – V. 99: „dat ons ook deur te swyg aan sodanige verskriklike sondes geen deel moet hê nie; kortom, dat ons die heilige Naam van God nie anders as met vrees en eerbied moet gebruik nie, sodat Hy deur ons reg bely, aangeroep en in al ons woorde en werke geprys word."

As dit so is wat wil God dan van ons hê?

a) Dat ons van en vir God's Naam sal getuig op alle terreine van ons lewe. En dit beteken nie net dat as ek in geselskap verkeer van iemand wat lekker of maklik vloek, ek hom sal vermaan en teregwys nie en seker: nou het ek my plig gedoen! Ja seker-

dis ook nodig - mr. dis nog maar die rand van ons getuienis! Mr. dit gaan baie verder: dit beteken dat ek gedurig sal dink en vra en wil weet hoe ek God se Naam kan uitdra op d. terrein v.d. arbeid, besigheid, politiek, opvoeding, sport, vakbond, joernalistiek, Kuns en Kultuur! Dit beteken dat ek gedurig deur studie v.d. Bybel, deur d. lig v. Xtus se woord, myself en mede Christene sal afvra: Hoe kan ek d. Naam van God grootmaak en eer laat toekom op elke gebied van my lewe? In my besigheidsmetodes (eerlik, barmhartig, bedagsaam,) in my beroep en professie, in my beslissinge oor mense se belange (eerlik en billik teenoor elke persoon, nie voortrekkery of gunsoekery), in my mens-verhoudinge ... ja in alles!

b) Dat ons dit doen nie uit plig en as eis van God nie, mr. uit dankbaarheid en liefde tot God! Dink aan uself: iemand wat u innig liefhet

— Hoe praat u van so iemand? Watter toon in u stem, watter boodskap in u houding?

— U hart vol van dankbaarheid en lof-
toestel graag vir ander van dd. liefde!

Laaste vr: Die van eedswering voor die gemeente: mag dit? Praktyk vandag-

Vr. 101 en Antwd (Bl. 58-59) -

Gegrond: Deutr. 6:13- Jy moet die Here jou God vrees en Hom dien; en by sy Naam moet jy sweer

Gebruik:

Josua 9:15 - Met 'n eed beloof (oudstes)

1 Sam. 24:23- David sweer vir Saul.

Matt. 5: 33-37

Rom. 1: 9- Paulus se woorde vorm 'n eed. (God is my getuie ...)

Rom 9:1 - - - - - -

„Ek spreek die waarheid in Christus, ek lieg nie ..."